ONDERWYSERSGIDS I

# Die klein kleremakertjie word koning

VYFTIEN-MINUUT-AFRIKAANS

© Marisa Haasbroek



Uitdrukke en afdrukke slegs deur gesinne wat dié kursus aangekoop het. Jou ondersteuning maak meer en beter Afrikaanse tuisskool-materiaal moontlik.

# *LES 13: Betreklike voornaamwoorde*

## *Uit die werkboek:*

### Leer dit: betreklike voornaamwoorde:

Afrikaans het veral twee betreklike voornaamwoorde: **wie** en **wat.** In Afrikaans gebruik ons die voornaamwoord **wat** vir nie-mense én vir mense. Engels is hier anders en gebruik *who* vir mense en *which* vir dinge. Afrikaans gebruik die betreklike voornaamwoord **wie** net saam met **se** of saam met ’n voorsetsel.

Hier is ’n twee voorbeeldsinne uit die week se dagstukkies:

- Die reus, *vir **wie*** dit maklik is om die tak af te buig ...
- Die kleremakertjie, ***wat*** te swak is ...

As jy ’n betreklike voornaamwoord teëkom, merk hom soos al die ander voornaamwoorde met ’n ***v***.

### Lees:

Lees die sin.

### Woordeskat en woordstamme:

Soek die vetgedrukte woord op en skryf die nuwe woord en die betekenis wat die beste pas in jou woordelys. Kyk steeds of jy woorde se stamme kan eien.

### Dagstukkies:

Gebruik die afkortings bo-aan die bladsy en merk die sin uit.

### Oorskryf:

Nadat jy die sin uitgemerk het, reggemaak het en met jou onderwyser bespreek het, skryf dit, soos vantevore, foutloos in jou skryfboek oor.

# NOTAS AAN DIE ONDERWYSER

Lees die **LEER DIT** gedeelte oor **betreklike voornaamwoorde** saam met jou kinders. Daar is 'n reëlkaartjie hieroor by dié week se werkboek ingesluit. Sit die kaartjies in die lêer met taalreëls vir handige verwysing.

Hierdie week soek ons na dié woordsoorte:

- Naamwoorde
- Lidwoorde
- Voornaamwoorde (ook betreklike voornaamwoorde)
- Werkwoorde
- Bywoorde
- Byvoeglike naamwoorde
- Voorsetsels
- Voegwoorde
- Tussenwerpsels

Ons oefen steeds om sinsafsluitings en aanhalingstekens reg te gebruik. Help die leerders ook om die week se werkwoorde met woema en byvoeglike naamwoorde en bywoorde met byt op te spoor.

Gaan ook voort om nuwe woordeskat op te soek en die woord en die betekenis soos wat dit in ons storie gebruik is, by julle woordelys te voeg.

Daar is dié week ook geleentheid om oor homonieme, trappe van vergelyking en woordstamme te praat.

# DAG 1

## SO LYK DIE UITGEMERKTE DAGSTUKKIE:

**DAG 1**

v ww ww v bw ww ww v bw L n

Omdat hy probeer **maak** of hy swaar gedra het, vee hy dramaties die sweet

S v n ww

van sy voorkop af.

## MAAK DIT REG

**Spring in.** Die aandag bly by die kleremakertjie en bly ons in dieselfde paragraaf, waarmee ons in die vorige week besig was.

**Sinsafsluitings.** Die sin moet met ’n punt beëindig word.

## TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met ’n n gemerk moet word: **sweet**, **voorkop**.

**Lidwoorde** wat met ’n *L* gemerk moet word: **die**.

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word: **hy** (drie maal, persoonlike voornaamwoord) en **sy** (besitlike voornaamwoord) wat na die kleremakertjie verwys.

**Werkwoorde** wat met *ww* gemerk moet word: **probeer, maak, (ge)dra (het), (af)vee.**

**Afvee** is ’n deeltjiewerkwoord. Dit word duideliker as mens die verlede tyd probeer vorm: *Hy het sy voorkop afgevee.*

**Bywoorde** wat met ’n *bw* gemerk moet word: **swaar, dramaties**.

**Swaar** beantwoord die vraag **hoe** het die kleremakertjie gedra en **dramaties** beantwoord die vraag **hoe** vee hy die sweet af.

Albei hierdie woorde het trappe van vergelyking, maar dramaties het nie ’n intensiewe vorm nie:

- Swaar – swaarder – swaarste – (loodswaar)

- Dramaties – dramatieser – dramatiesste

**Byvoeglike naamwoorde** wat met ’n *b* gemerk moet word: geen.

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word**: van**

**Van** volg hier die gebruiklike patroon van voorsetsels (voorsetsels plus voornaamwoord plus naamwoord).

Gevorderd: **Af** is streng gesproke ’n voorsetsel, maar hier vorm hy met **vee** ’n deeltjiewerkwoord en word as deel van die werkwoord gemerk.

**Voegwoorde (neweskikkend)** wat met *+* gemerk moet word: geen

**Gevorderd**: Daar is twee onderskikkende voegwoorde in hierdie sin: **omdat** en **of.** Onderskikkende voegwoorde kom later aan die beurt.

**Of** word hier gebruik om ’n bysin in te lei wat vergelyking uitdruk: die kleremakertjie maak **of** hy swaar dra. Ons weet **of** is hier nie ’n neweskikkende voegwoord nie, omdat die woordorde na **of** verander het. Gewoonlik sou die sin só lui: *hy dra swaar*, maar nou het dit verander na: *(of) hy swaar dra*.

**Tussenwerpsel** wat met ***t*** gemerk moet word: geen.

**Woordeskat en woordstamme: Maak** is vandag se woordeskatwoord. **Maak** het geweldig baie betekenisvelde en is ’n goeie woord vir rondspeel met homonieme. Hier is die belangrikstes:

- Laat ontstaan, vervaardig, skep, vorm
- Iets doen wat ’n gevolg het (bv. skuld maak of lawaai maak)
- Die aandag trek (bv. dit sal geskiedenis maak)
- In ’n bepaalde toestand wees (bv. iemand kwaad/gelukkig maak)
- Voorberei (bv. koffie of tee maak)
- Bekom of verkry (bv. geld of wins maak)
- Heen en weer laat beweeg (bv. kinders om die swaai maak)
- Voorstel of laat vertoon (bv. maak of hy siek is)

In ons sin is dit natuurlik die heel laaste betekenis wat gebruik is. Skryf dit langs **maak** in julle woordelys.

# DAG 2

## SO LYK DIE UITGEMERKTE DAGSTUKKIE:

---

**DAG 2**

t v b + b v b ww
"Ha, jy is kamstig so groot en sterk, hoe word jy dan so gou **poegaai?**" spot
L n
die reus.

### MAAK DIT REG

**Spring in.** Die reus begin praat en dus begin ŉ nuwe paragraaf met ŉ inspringende eerste reël.

**Sinsafsluitings en aanhalingstekens.** Die reus se vraag word met ŉ vraagteken afgesluit. Let op na die kleinletter na die aanhalingsteken. Die sin word met ŉ punt beëindig.

### TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met ŉ *n* gemerk moet word: **reus.**

**Lidwoorde** wat met ŉ *L* gemerk moet word: **die.**

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word: **jy** (twee maal, persoonlike voornaamwoord wat na die kleremakertjie verwys)

**Werkwoorde** wat met *ww* gemerk moet word: **spot**.

**Is** en **word** is koppelwerkwoorde, wat spoedig in ŉ volgende les aan die beurt kom. As die leerders dit as werkwoorde raaksien, prys hulle.

**Bywoorde** wat met ŉ *bw* gemerk moet word: geen**.**

**Gevorderd**: daar is verskeie bywoorde in hierdie sin (**kamstig, so** (twee maal)**, dan** en **gou)**, maar hulle bepaal byvoeglike naamwoorde of ander bywoorde. Vir eers is ons net op soek na bywoorde wat werkwoorde bepaal.

Omdat **is** en **word** koppelwerkwoorde is, is **groot, sterk** en **poegaai** byvoeglike naamwoorde en nie bywoorde nie.

**Byvoeglike naamwoorde** wat met *b* gemerk moet word: **groot**, **sterk** en **poegaai**.

Sien die opmerking by bywoorde hier bo. Al drie woorde vorm trappe van vergelyking:

- groot – groter – grootste
- sterk – sterker – sterkste
- poegaai – poegaaier – poegaaiste

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word: geen.

**Voegwoorde** wat met *+* gemerk moet word: **en.**

**En** voeg die twee byvoeglike naamwoorde **groot** en **sterk** saam.

**Tussenwerpsels** wat met *t* gemerk moet word: **ha.**

**Woordeskat:** Ons woordeskatwoord is vandag **poegaai. Poegaai** is ’n byvoeglike naamwoord of ’n bywoord wat *baie moeg* beteken. Die woord word gewoonlik in informele geselstaal gebruik. Dis net die soort woord wat die rowwe reus sal gebruik!

Afrikaans kry **poegaai** van Nederlands af. Volgens die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* is *poechai* die eerste keer in 1698 opgeteken. Dit beteken *onnodige drukte.* Interessant genoeg word **poegaai** ook soms in Suid-Afrikaanse Engels gebruik.

# DAG 3

## SO LYK DIE UITGEMERKTE DAGSTUKKIE:

---

**DAG 3**

L n ww S L n
Die twee loop **verby** ’n kersieboom.

## MAAK DIT REG

**Spring in.** Die reus het klaar gepraat en dus is daar ’n nuwe paragraaf en inspringende eerste reël.

**Sinsafsluitings** en **aanhalingsteken**. Die sin sluit met ’n punt af.

## TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met ’n *n* gemerk moet word: **twee** en **kersieboom**.

**Twee**, wat gewoonlik ’n telwoord is, doen hier diens as ’n selfstandige naamwoord. As daar gestaan het: *die twee mans* was hy egter ’n telwoord.

**Lidwoorde** wat met ’n *L* gemerk moet word: **die** en **’n.**

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word: geen.

**Werkwoorde** wat met *ww* gemerk moet word: **loop.**

**Bywoorde** wat met ’n *bw* gemerk moet word: geen.

Ek het gewonder of **verby** dalk ’n bywoord is, maar **verby** is hier beslis ’n voorsetsel. Om die onderskeid duideliker te maak, hier is ’n voorbeeld waar **verby** wel ’n bywoord is: *die jare gaan verby.*

**Byvoeglike naamwoord** wat met *b* gemerk moet word**:** geen.

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word: **verby**

**Verby** volg hier die gebruiklike patroon van voorsetsels (voorsetsels plus lidwoord plus naamwoord) wat dit makliker maak om in te sien dat **verby** wel 'n voorsetsel is en nie 'n bywoord nie.

**Voegwoorde** wat met *+* gemerk moet word: geen**.**

**Tussenwerpsels** wat met *t* gemerk moet word: geen**.**

**Woordeskat en woordstamme:** Ons woordeskatwoord vir die dag is **verby.** Dit beteken *langsaan beweeg.*

*Die Etimologiewoordeboek van Afrikaans* wys in die geskiedenis van **verby** duidelik hoe Afrikaans geleidelik begin wegbeweeg het van Nederlandse spelling en uitspraak en ook hoe Afrikaans geleidelik haar eie spelling begin vind.

In Nederlands is die woord *voorbij*, wat al sedert die vroeë 1500 in die taal voorkom. Pannevis teken die woord in 1880 vir die eerste keer in Afrikaans as *voorby* op. In 1884 teken Mansveldt dit op as *verbij.* In Duits is die woord *vorbei.*

As jou kinders soms met spelling sukkel, hou moed dat baie woorde, soos in die geval van **verby,** net as gevolg van gebruik op 'n sekere manier gespel word. Soos wat hulle meer lees, sal jou kinders woorde se spelling beter begin onthou.

# DAG 4

## SO LYK DIE UITGEMERKTE DAGSTUKKIE:

---

**DAG 4**

L n S v v b L b n S L b n
Die reus, vir wie dit maklik is om die hoogste tak met die rypste vrugte **by**
ww L n ww L n S L b n
**te kom**, sê die kleremakertjie aan om die kersies van die omgebuigde tak te

pluk.

## MAAK DIT REG

**Spring in.** Die aandag fokus nou op die reus en daarom begin ’n nuwe paragraaf met ’n inspringende eerste reël.

**Sinsafsluitings en aanhalingstekens.** Die sin moet met ’n punt beëindig word.

## TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met ’n *n* gemerk moet word: **reus**, **tak**, **vrugte**, **kleremakertjie**, **kersies**, **tak**.

**Lidwoorde** wat met ’n *L* gemerk moet word: **die** (ses keer)**.**

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word:

- **wie** (betreklike voornaamwoord wat na die reus verwys)
- **dit** (onsydige persoonlike voornaamwoord wat as onderwerp optree saam met die koppelwerkwoord is – *dit is maklik*)

Let daarop dat die betreklike voornaamwoord na **wie** verander na die voorsetsel **vir.**

**Werkwoorde** wat met *ww* gemerk moet word: **aansê.**

**Aansê** is ’n deeltjiewerkwoord. Dit word duideliker as mens die verlede tyd probeer vorm: *Die reus het die kleremakertjie aangesê.*

**Gevorderd:** Daar is ook twee infinitiefswerkwoorde hier: *om ... by te kom* en *om te pluk.* Ons merk nie nou al infinitiefswerkwoorde as werkwoorde nie.

**Bywoorde** wat met ’n *bw* gemerk moet word: geen.

**Byvoeglike naamwoorde** wat met *b* gemerk moet word: **maklik**, **hoogste**, **rypste**, **omgebuigde**.

**Maklik** is ’n byvoeglike naamwoord omdat hy die koppelwerkwoord **is** bepaal: *dit is maklik.*

**Hoogste** en **rypste** is in die oortreffende trap. Hulle volledige trappe van vergelyking is *hoog – hoër – hoogste* en *ryp – ryper – rypste*.

Omgebuigde sal waarskynlik sy trappe van vergelyking só vorm:
*omgebuigde – meer omgebuigde – mees omgebuigde*

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word: **vir, met, van**.

**Voegwoorde** wat met *+* gemerk moet word: geen.

**Tussenwerpsels** wat met *t* gemerk moet word: geen.

**Woordeskat en woordstamme:**

Gebruik die woord **bykom** om oor homonieme te praat. **Bykom** kan die volgende beteken:

- in die hande kry, bereik
- te lyf gaan, aanval
- ’n agterstand uitwis
- toegevoeg word
- jou bewussyn herwin
- herstel

Gebruik **bykom** se twee stamwoorde om nuwe woorde te probeer vorm. ’n Paar voorbeelde met **by: by**derwets**, by**bring, **by**mekaarmaak.

En met **kom:** aan**kom**s, toe**kom**s, **kom**ende.

Met **bykom: by**mekaar**kom**plek, **bykom**stighede.

# DAG 5

## SO LYK DIE UITGEMERKTE DAGSTUKKIE:

**DAG 5**

L n bw L n ww ww ww L n v b
Toe die reus **onverwags** die tak laat los, vlieg die kleremakertjie, wat te swak is
L n S v n S S L n
om die tak op sy eie onder te hou, in die lug.

## MAAK DIT REG

**Spring in.** Die aandag bly steeds by wat die reus doen en die effek daarvan op die kleremakertjie en daarom bly ons in dieselfde paragraaf.

**Sinsafsluitings.** Sluit die sin met ’n punt af.

## TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met ’n *n* gemerk moet word: **reus, tak, kleremakertjie, tak, eie** en **lug.**

**Eie** kan moeilik wees om as ’n selfstandige naamwoord raak te sien, omdat **eie** ook ’n byvoeglike naamwoord kan wees. As daar gestaan het *op sy eie stoom kon hy dit nie doen nie*, was **eie** ’n byvoeglike naamwoord. Hier word **eie** in ’n vaste uitdrukking gebruik wat in Afrikaans altyd op dieselfde manier vorm: op + besitlike voornaamwoorde + **eie.**

**Lidwoorde** wat met ’n *L* gemerk moet word: **die** (vyf keer)**.**

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word: **wat** (betreklike voornaamwoord wat verwys na die kleremakertjie) en **sy** (besitlike voornaamwoord wat ook verwys na die kleremakertjie).

**Werkwoorde** wat met *ww* gemerk moet word: **laat, los, vlieg**.

**Gevorderd:** Hier is ook ’n infinitiefswerkwoord wat ons nog nie merk nie: **om te hou**. En ’n koppelwerkwoord, wat ons ook nog nie merk nie: **is**

**Bywoorde** wat met ʼn *bw* gemerk moet word: **onverwags**.

**Onverwags** beantwoord die vraag **hoe** laat los die reus die tak en bepaal dus die werkwoordgroep **laat los. Onverwags** kan trappe van vergelyking vorm: onverwags – onverwagser – onverwagsste.

**Swak** bepaal die koppelwerkwoord **is** en is daarom nie ʼn bywoord nie, maar wel ʼn byvoeglike naamwoord.

**Byvoeglike naamwoord** wat met *b* gemerk moet word: **swak**.

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word: **op, onder, in**.

Hoekom is **onder** hier ʼn voorsetsel en vorm nie ʼn deeltjiewerkwoord saam met **hou** nie? Om dit in te sien, probeer die basiese sinsdele uithaal en vorm dan die verlede tyd: die kleremakertjie hou die tak onder, die kleremakertjie het die tak onder gehou. Ons sal nie sê die kleremakertjie het die tak geonderhou nie. **Onderhou** beteken van lewensmiddele voorsien en **onder hou** beteken hou iets onder dat dit nie boontoe kom nie.

**Neweskikkende voegwoorde** wat met *+* gemerk moet word: geen.

**Toe** is ʼn onderskikkende voegwoord, wat later die beurt kom.

**Tussenwerpsels** wat met *t* gemerk moet word**:** geen.

**Woordeskat en woordstamme: Onverwags** is vandag se woordeskatwoord. Dit beteken sonder om daarop voorbereid te wees.

Kyk of die leerders nog woorde met die stam **wag** kan vorm. Hier is ʼn paar voorbeelde: **wag**staan**,** ver**wag**ting, af**wag**ting**.**

Werkwoorde met **woema: spot, vlieg**

**Bywoorde** en **byvoeglike naamwoorde** met **byt**: dié week se bestes: poegaai, onverwags.